**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PROEFEKSAMEN**

**2015**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A : Opstel (50)
   AFDELING B : Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING C : Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ‘n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan jou skryfstuk neer.

.

1.1 My Matriekdans: ‘n nag vol drama en herinneringe! **[50]**

1.2 Is jy “Trots Suid-Afrikaans”? Verduidelik jou antwoord. **[50]**

1.3 Dít is my ideaal... **[50]**

1.4 Ek het verkeerd gekies. **[50]**

1.5 Vandag se kinders... **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ‘n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet ‘n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



**[50]**

1.6.2




**[50]**

1.6.3



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jou maat is nie seker of hy/sy volgende jaar moet gaan studeer of eers die jaar moet "rus", gaan reis en/of deeltyds werk nie.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan dié maat om hom/haar te help om die regte besluit te neem. **[30]**

2.2 **DIALOOG**

Jy en 'n maat van 'n ander skool gesels oor Hillcrest Hoërskool se 40jaar feesvieringe.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou maat en beskryf al die dinge wat die skool beplan om hierdie spesiale jaar te vier. **[30]**

2.3 **HULDEBLYK**

Iemand wat 'n belangrike rol in jou lewe gespeel het, is oorlede.

Skryf 'n HULDEBLYK oor hom/haar wat jy by die begrafnisdiens gaan lewer. **[30]**

2.4 **TOESPRAAK**

Dit is jou 18de verjaardag en jy het besluit om 'n toespraak by jou partytjie te gee.

Skryf die TOESPRAAK waarin jy almal wat 'n belangrike rol in jou lewe speel, bedank. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Die matriekklas van 2015 is gevra om een van die funksies wat die skool gaan hou om hulle 40ste verjaardag te vier, te adverteer.

Maak ‘n PLAKKAAT waarop alle nodige inligting wat ‘n spesifieke funksie adverteer, verskyn.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy gaan more vir jou bestuurslisensie.

Maak ‘n DAGBOEKINSKRYWING vir TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag voor jou toets.
- Jou gevoelens na jou toets. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou maat doen nie baie goed in Afrikaans nie en wil graag verbeter.

Skryf SEWE INSTRUKSIES neer oor hoe jou maat sy/haar punte in Afrikaans kan verbeter. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**